Boekaankondiging: Van der Merwe, H.J.J.M. en Ponelis, F.A. 1991.
Die korrekte woord.
Pretoria : J.L.van Schaik. bl. 273. Prys: 33,30 + AVB/BTW

Die sewende, hersiene en uitgebreide uitgawe van *Die korrekte woord* het onlangs op die mark beskikbaar geraak. Dié staatmaker vir persone wat daagliks te doen het met taalgebruikskwessies (soos: Mag ek hierdie woord gebruik? Wat is die betekenis wat aan hierdie woord geheg moet word? Is dié woord 'n Anglisisme?, ens.) is grondig hersien deur prof. Fritz Ponelis (aan wie die verantwoordelikheid vir die bewerking van *Die korrekte woord* opgedra is na die dood van prof. H.J.J.M. van der Merwe 1974). In sy hersiening het prof. Ponelis deeglik rekening gehou met die jongste spellingriglyne van die Taalkommissie soos dit vervat is in die nuut hersiene uitgawe van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (1991[8]). Hy het tegelykertyd ook die geleentheid gebruik om verskeie nuwe lemmas tot die inhoud van die boek toe te voeg, terwyl sommige lemmas wat nog in die vorige uitgawe voorgekom het, hier weggelaat is of ingesluit is by reeds bestaande lemmas - so het byvoorbeeld die lemma *tabak* x *twak* weggeval, waarskynlik omdat dit al onder die lemma *doeblette* bespreek is. Onder die letter T is onder meer die volgende lemmas toegevoeg: *taai, taal, taalfamilie, taalgeskiedenis, taalgetrouheid, taalverandering, taboe, te danke* (x te wyte), *telefaks, terme* (x paaiemente), *tienuur* (x tien uur), *tiklysie* (vir Eng. checklist), *tjokvol* (x propvol), *twaalfde eeu* (x die anglisistiese 'die 1300's'), en so meer.

Enkele andere nuttige aanwinste is *attributiewe verbuiging, normering, variasie, vernekulêr, Vlaams,* en andere. Die lemma *woordorde* het ook aansienlike uitbreiding ondergaan wat beslis die taalpraktisyn tot voordeel sal strek. Ek vind dit egter jammer dat 'n moontlike tameletjie-lemma soos *-asie/-ering* uitgelaat is (alhoewel daar op bl. 65 nog steeds 'n kruisverwysing na *-asie* voorkom!).

Met die hersiening en uitbreiding van die boek lewer prof. Ponelis 'n besliste bydrae om Afrikaans meer toeganklik vir sy gebruikers te maak, hoofsaaklik omdat hy groot klem lê op die hedendaagse omgangstaal - vergelyk byvoorbeeld die inskrywing by *tippie* en *tissue*. Dat *Die korrekte woord* (en soortgelyke gidse soos *Die juiste woord* (Hiemstra), *Sakboek van Regte Afrikaans* (Spies en Combrink), e.a.) na al die jare nog steeds in 'n besondere taalpraktykbehoefte voorsien, is nie te betwyfel nie. Hierdie keurig versorgde (alhoewel ietwat duur) uitgawe sal daarom ook gretig opgeraap word deur persone wat belangstel in die korrekte(r) gebruik van hulle taal.

W.A.M. Carstens
Potchefstroomse Universiteit vir CHO